4-30.E3.. 10.1

## DIE VRYE WEEKBLAD [Afrikaan]

## KREUNGELUIDE IN ONS DEMOKRASIE

Voordat mens kan spekuleer oor die stand van ons demokratiese bestel, is dit nodig om duidelikheid te hê oor wat is 'n Demokrasie: Die Sowjet-Unie het homself voorgehou as 'n People's Democracy; so ook Sjina en Kuba. Trouens amper sonder uitsondering alle kommunisties beheerde lande. Dit is goed om in gedagte te hou dat die ANC vir dekades lank die finansiële en operasionele begunstigde was van die Sowjet-Unie. Dit het alles oornag verdwyn met die val van die Berlynse muur in November 1989. En tog is daar nog tekens van daardie dae in die openbare retoriek van ons regerende party byvoorbeeld "The National Question", "The People's Democracy", "A National Democratic Revolution".

Dit is belangrik ook om in gedagte te hou dat die Demokratiese Grondwet wat uiteindelik in Suid-Afrika beding is, die laaste idee van 'n grondwet was wat die ANC in gedagte gehad het. Tot op die einde van bedinging was daar spanning tussen die wat geglo het in gewelddadige oorgang (a people's war) en die wat vol gehou het met onderhandeling. Die uiteinde van die onderhandeling was 'n Klassieke Liberaal Demokratiese Grondwet. Die meer fundamentele waarde onderliggend aan so 'n Grondwet, is die bekamping van die misberuik van mag, deur enige individu of belangegroep. Magmisbruik mag nie geskied ten koste of, ten gunste, van enige burger of groepering van burgers in die land nie. Daarom is universele gelykwaardige stemreg veronderstel om een van die belangrikste bekamping van die misbruik van mag te wees.

Maar op sigself is die nie genoeg nie: Gevolglik maak die grondwet voorsiening vir die skeiding van magte byvoorbeeld uitvoerende mag (die President ),Wetgewende

mag (die Parlement), en Administratiewe mag (Die Grondwetlike Hof, Die Regsbank en Kommissies ens. )

Wanneer die vraag gestel word : Hoe gesond is ons demokrasie? Dan is dit net 'n ander manier om te vra : Is daar 'n oorsentralisasie van mag in die uitvoerende gesag (m.a.w. die Presidensie) ten koste van wetgewende en administratiewe mag? Hoe aktief word die burger se stemreg gebruik. Dit is presies met die antwoord van hierdie soort vrae dat ons " kreungeluide hoor van hoe ons demokratiese bestel begin sukkel".

Byvoorbeeld, ek dien op 'n Parlementêre sub-komitee wat deur die speaker aangestel is en wat die stand van die Wetgewende Gesag (m.a.w. Parlement) moet beoordeel in terme van die relevante grondwetlike voorskrifte. Voor ons kom getuig voorsitters van die Staande Komitees in die Parlement en amper sonder uitsondering sê hulle: "Ons het geen bevoegdheid nie. Alles word bepaal deur die Uitvoerende Gesag (m.a.w. die President). Dit beteken doodeenvoudig die Parlement is 'n lêplek vir begunstigdes van ons kiesstelsel, waaroor die gewone stemgeregtigde geen verantwoordbaarheid kan eis nie.

Praat van die kiesstelsel; dis nou 'n swaar kreungeluid. So 'n abominasie van demokratiese praktyk is kwalik voorstelbaar. Dit is 'n geslote proporsionele sisteem gekombineer met vloer oorstappery. Die kieser weet nie wie en hoe om 'n amptelike verteenwoordiger tot verantwoordbaarheid te roep nie.

Mens moet ook maar mooi dophou hoe die Uitvoerende Gesag met die regsbank en die ekonomie werk. Die Regter Thlope geval gaan nie maklik lê nie; en 'n opskrif in die Mail en Guardian soos, "ANC Front Wins Huge State Tender" laat mens wonder hoe die belastingbetaler se geld gebruik word om vir die ANC geld in te win,

vir die betaal van amptenare en die veg van verkiesings. Daar is heelwat navorsing gedoen oor die omvang en vlakke van korrupsie in ons demokrasie: Niks kelder 'n demokratiese kultuur gouer as korrupsie nie. Uiteindelik weerspieël dit 'n gebrek aan doeltreffende dienslewering. Die eerste tekens van ontevredenheid in die verband is te sien in die opstande van gewone burgers byvoorbeeld in Phumelela en Khutsong.

Dit wil lyk as of die regerende party hierdie en ander "kreungeluide" begin hoor het. Miskien het dit ook te doen met die komende opvolgstryd. Niks wat genoem is, is onoorkombaar nie. Die kreungeluide kan verander in steungeluide. Maar dit gaan nie vanself regkom nie. Van die hoogste gesag tot elke gewone burger sal moet begin moue oprol. Maar ons moet ook onthou: 'n Vis raak vrot van sy kop af.

F VAN ZYL SLABBERT

26th November, 2008